

Gevolgtrekking

Die gebruik van 'n verskeidenheid gevallestudies in hierdie artikel het ten doel om 'n beter idee van die toepassing van KHB daar te stel. Dit dien as praktiese voorbeelde van die uitvoering van KHB. Die nut daarvan lê veral daarin dat dit die teorie, wat soms moeilik verstaanbaar is, illustreer en ook moontlike afwykings van die vasgestelde riglyne, as gevolg van die een of ander praktiese probleem, waarvoor daar nie in die teorie voorsiening gemaak kan word nie, uitwys. Op grond hiervan is gevallestudies uit die projekte waarmee die navorser bekend is, gekies.

Die onderstaande tabel toon die verband tussen die verskillende instansies wat onderskeidelik as opdraggevers en as konsultante opgetree het, ten opsigte van die gevallestudies van KHB-projekte, wat in hierdie artikel gebruik is.

Tabel 1. Verband tussen instansies wat as opdraggewer en konsultante ten opsigte van kultuurhulpbronbestuur optree.

INSTANSIE BETROKKE	OPDRAGGEWER	KONSULTANT
Privaatontwikkelaars	11 Konstruksie: 3 Mynbou: 4 Dorpsontwikkeling: 1 Ander: 3	-
Staat	5	-
Semi-staat	6	20
	Nasionale Parkeraad: 3 Museums: 2 RGN: 1	Nasionale Kultuurhistoriese Museum: 19 Natal Museum: 1
Plaaslike owerhede	7	-
Gemeenskap	3	-
Universiteite	-	5
Privaatkonsultante	-	7

Hiervolgens is dit duidelik dat museums by 62,5% van die gevalle betrokke was. Hoewel die gevallestudies nie as 'n ewekansige steekproef gesien kan word nie en die persentasie gevolglik misleidend kan wees, dui dit tog daarop dat museums reeds tot 'n groot mate by KHB

betrokke is. Volgens die voorbeelde wat gebruik is, word KHB ook deur privaatkonsultante (21,88%) en universiteite (15,62%) uitgevoer.

Die opdraggewers is hoofsaaklik regeringsorganisasies (56,25%), terwyl privaatonwikkelers (34,38%) en gemeenskapsorganisasies (9,37%) die res opmaak. Die regeringsorganisasies kan egter in drie groepe verdeel word, naamlik die staat (15,64%), plaaslike owerhede (21,88%) en semi-staatsorganisasies (18,75%) Omdat die persentasies relatief naby aan mekaar is, beteken dit dat daar 'n goeie balans tussen opdraggewers bestaan ten opsigte van die behoefte om KHB toe te pas. Gemeenskapsorganisasies is waarskynlik minder hierby betrokke vanweë finansiële beperkings.

Van die twintig gevallestudies waarby museums betrokke was, was die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, by negentien betrokke. Dit dui daarop dat hierdie museum reeds aktief by KHB betrokke is. As een van die twee vlagskipmuseums in Suid-Afrika speel die Nasionale Kultuurhistoriese Museum 'n belangrike rol in die museumwese. Die museum se betrokkeheid by KHB maak daarvan 'n toonaangewende instansie ten opsigte van die toepassing daarvan in die museumwese in Suid-Afrika.

Die groot aantal kontrakwerk wat deur museums uitgevoer is, dui verder duidelik daarop dat museums geskik is vir die uitvoering van KHB. Dit toon ook dat KHB reeds suksesvol deur sommige museums toegepas word, al word dit nog nie algemeen as museumfunksie beskou nie.

Bronne

- Deacon, J. 1992. *Archaeology for planners, developers and local authorities*, Abacus press: Kaapstad.
- De Jong, R.C. 1994. Managing cultural resources in nature conservation and forestry areas (in W. Loots (red.): *Kultuurhulpbronne & streektoerisme*, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria).
- Meyer, A. 1995. From hunting grounds to digging fields: observations on aspects of cultural heritage management in some national parks (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 18(4), April).
- Miller, S.M. 1996. Rebuilding of the walls of sixteenth century Thulamela (in G. Pwiti & R. Soper (reds): *Aspects of African archaeology*, University of Zimbabwe publications: Harare).
- Naudé, M. 1993. *Planning with cultural resources: a city, its people and its heritage* (Ongepubliseerde referaat vir die IAIA konferensie, Sjanghai, China).
- Naudé, M. & A. van Vollenhoven 1992. *Kartering van mensgemaakte elemente in enkele gebiede van die PWV-streek* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Sunnyside).

Pelser, A. & J. Van Schalkwyk 1997. *A survey of cultural resources on the farm Kroondal 304 JQ, east of Rustenburg* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Sunnyside).

Pistorius, J.C.C. 1990. *Archaeological report on a portion of the farm Hatherley 331-JR* (Ongepubliseerde verslag, g.p.).

Schoeman, S. 1987. *Argeologiese en kultuurbestuursverslag. Die posboom museumkompleks, Mosselbaai* (Ongepubliseerde verslag: Universiteit van Stellenbosch).

Van den Bos, J.W. & A.C. van Vollenhoven 1998. *Die verskaffing van vakkundige inligting vir uitstallings in die "ammunitiekasemat" by Fort Klapperkop, Pretoria* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Sunnyside).

Van Schalkwyk, J.A. e.a. 1992. *'n Argeologiese ondersoek van die bouvalle bekend as die Lukas Bronkhorsthuys in die Fonteinedal, Pretoria* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Sunnyside).

Van Schalkwyk, J.A. e.a. 1994. a *'n Argeologiese ondersoek van die watervoor in Kerkstraat, Pretoria-sentraal* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Sunnyside).

Van Schalkwyk, J.A. e.a. 1994. b *An archaeological investigation of certain aspects of the garden of Melrose house, Pretoria* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Sunnyside).

Van Schalkwyk, J.A. e.a. 1994. c *'n Opname van kultuurhulpbronne in die Akasia munisipale gebied* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Sunnyside).

Van Schalkwyk, J.A. e.a. 1995. a *Archaeological investigation of a nineteenth century water furrow in Church Street, central Pretoria* (*Southern African Field Archaeology*, 4(2), September).

Van Schalkwyk, J.A. e.a. 1995. b *Images of the social life and household activities at Melrose house* (*Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum*, 4).

Van Vollenhoven, A.C. 1992. a *Matla power station. Phase 1 identification survey of historical sites* (Ongepubliseerde verslag, g.p.).

Van Vollenhoven, A.C. 1992. b *Kromdraai opencast mine. Phase 1 identification survey of historical sites* (Ongepubliseerde verslag, g.p.).

Van Vollenhoven, A.C. 1992. c *PWV7 roete: basiese beplanning: argeologiese verslag* (Ongepubliseerde verslag, g.p.).

Van Vollenhoven, A.C. 1993. a *'n Argeologiese ondersoek van die Bronkhorstruïne as voorbeeld van kultuurhulpbronebestuur (KHB)* (Ongepubliseerde skripsie vir die Nagraadse Diploma in Museumkunde, Universiteit van Pretoria).

Van Vollenhoven, A.C. 1993. b *Kleinkopje colliery. Phase 1 identification survey of historical sites* (Ongepubliseerde verslag, g.p.).

Van Vollenhoven, A.C. 1994. a *'n Argeologiese ondersoek na die historiese tuinpaadjies by die Melrosehuismuseum, Pretoria* (Ongepubliseerde verslag, Universiteit van Pretoria).

Van Vollenhoven, A.C. 1994. b *Argeologiese terreine in 'n gegewe area noord van Pretoria*

(Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Pretoria).

Van Vollenhoven, A.C. 1995. a *Geskiedenis van die blokhuis by die Eloff-deurgrawing* (Hoërskool Langenhoven), Pretoria (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Pretoria).

Van Vollenhoven, A.C. 1995.b *Militêre strukture op Cable hill, Pretoria* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Pretoria).

Van Vollenhoven, A.C. 1996. Historical-archaeological research in the Pretoria area (in G. Pwiti & R. Soper (reds): *Aspects of African archaeology*, University of Zimbabwe publications: Harare).

Van Vollenhoven, A.C. 1997. *Verslag oor ou bottels, gevind te Delta garage, op die hoek van Du Toit- en Schoemanstraat, Pretoria* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Pretoria).

Van Vollenhoven, A.C. g.d. *Verslag in verband met die hoeksteen van die ou kerkie in Eloffstraat* (Ongepubliseerde verslag, g.p.).

Van Vollenhoven, A.C. 1998. *Kultuurhulpbronbestuur (KHB) binne die funksionele konteks van museums in Suid-Afrika* (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch).

Van Vollenhoven, A.C. e.a. 1993. 'n *Argeologiese en historiese ondersoek van gedeeltes van die plase Zoutpan 104 JR en Uitspan 98 JR* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Sunnyside).

Van Vollenhoven, A.C. e.a. 1996. 'n *Eerste fase kultuurhulpbronondersoek na enkele militêre terreine in die Nasionale Krugerwildtuin* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Sunnyside).

Van Vollenhoven, A.C. & A. Carelsen 1994. 'n *Argeologiese en historiese ondersoek van 'n gedeelte van die plaas Kaalfontein 513 JR* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Pretoria).

Van Vollenhoven, A.C. & J.W. van den Bos 1995. *Rooiberg tin mine - section Leeuwpoort - phase 3 management plan of historical site* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Sunnyside).

Van Vollenhoven, A.C. & J.W. van den Bos 1997. 'n *Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)* (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum: Pretoria).

DIE OORLOGSJARE IN PRETORIA

André Malan

Nasionale Kultuurhistoriese Museum

Pretoria 'n eeu gelede, was 'n klein, rustige en vreedsame plekkie alhoewel dit die hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek was. 'n Buitelander het Pretoria soos volg ervaar:

Those who imagine Pretoria and other major centres in the Transvaal as European towns are much mistaken. [...]

Pretoria, for all the elegance of its buildings, amenities, electric lighting and excellent shops, is essentially still the *dorp* from which it originally developed and none of the local inhabitants refers to it as anything else. [..]

The whole appearance of Pretoria is reminiscent not of a town but a village. There are no more than two or three main streets with real town buildings. They lead from the main Church Square (Moody 1977:23).

Die rustigheid en vreedzaamheid het teen die einde van September 1899 tot 'n einde gekom.

Mobilisering

"... I saw several horsemen with rifles galloping along the street and I guessed that something alarming has happened" (May 1970:7).

So het die veertienjarige Freda Schlossberg op 27 September 1899 haar gewaarwordinge in haar dagboek opgeteken. Sy was 'n koshuiskind in die Loreto Klooster in Pretoria. Toe die dagskoliere by die skool aankom, het hulle vertel dat die burgers mobiliseer en op die punt was om na die front te vertrek omdat oorlog verklaar is. Oorlog is amptelik eers op 11 Oktober verklaar, maar kennelik was dit nie onverwags nie. Later die middag is sy saam met een van die nonne die dorp in.

Sy beskryf wat sy daar gesien het:

The streets are crowded. Boers on horseback, equipped with rifles, bandoliers, etc. are converging towards Government Buildings to hear General Joubert, the Commandant-general, make a long and eloquent speech. Afterward the men proceed to the railway station. By four o' clock 4,000 Boers have left Pretoria for the Natal border. There is an immense crowd at the station and the trains steam off amidst loud applause, patriotic songs and shouts of encouragement (May 1970:7).

Dietlof van Warmelo, 'n jong man van so 27 jaar, is op 30 September deur 'n klompie dames op Pretoria-stasie afgesien. Hy beskryf hoe hulle almal uitgevat was in splinternuwe pakke,

meeste voorsien van nuwe, blink gewere (Van Warmelo 1977: 11). Deneys Reitz, nog 'n jong Pretorianer en die seun van F. W. Reitz, die staatskretaris, was saam met sy broers op kommando. Hy beskryf hulle uittoeg op soortgelyke trant.

Volgens wet moes elke burger, wanneer hy vir kommandodiens opgeroep is, hom aanmeld met perd, saal en toom, geweer en ammunisie (dertig patrone of 'n half pond buskruit en 30 koeëls) en mondprovisie vir agt dae. Skuins voor die oorlog het die ZAR-regering duisende Mauser-gewere aangekoop. Burgers wat ouderwetse gewere besit het, kon die moderne geweer met ammunisie van die regering aankoop. Een bron meld dat hulle ook ouderwetse gewere soos die Martini Henry vir Mausers kon inruil (Taitz 1996:6) (figuur 1).



*Figuur 1. Burgers kom bymekaar by die kantoor van Melt Marais, veldkornet van Pretoria
(Foto Oorlogsmuseum:5567)*

Van Warmelo meld dat, alhoewel hulle kon bars van opgewondenheid, die wete dat baie van hulle waarskynlik nie sou terugkeer nie hulle hartseer gestem het (Van Warmelo 1977:11).

Ironies genoeg het die eerste ongeval van die oorlog op die einste Pretoria-stasie plaasgevind toe 'n klompie burgers vaarwelskote afgevuur het. Iemand het skynbaar vergeet om eers die loodkoeël van die patroon af te haal soos gebruiklik was, en die koeël het weggeskram van

'n rots en deur een van die treinvensters gebars om een van die jong burgers in die trein ernstig te verwond, aldus Johanna Brandt, 'n suster van Dietlof van Warmelo (Brandt 1913: 3).

Sy het 'n wonderlike boek, *The Petticoat Commando* wat later jare in Afrikaans vertaal is as die *Kappiekommando*, geskryf. Hierin is beskrywings van Pretoria en sy mense en hulle ervarings tydens die Anglo-Boereoorlog vervat. Sy en haar ma het in Sunnyside in 'n huis genaamd Harmonie, gewoon. Hierdie huis het mettertyd die sentrum van Boerespioenasie geword waarvandaan inligting op vindingryke maniere versprei is (Brandt 1913:1).

Pretoria se vroue

Die vroulike bevolking van Pretoria was besiel met patriotisme. Sophia Izedinova het opgemerk:

Another interesting feature of life in Pretoria was the agitation by the women in favour of desperate resistance. Boer women are in general more energetic and enterprising than the average men (Moody 1977:180).

Ook dr. Kay, 'n Engelse medikus wat hom reeds voor die oorlog in Pretoria gevestig het maar tydens die oorlog by die Britse leër aangesluit het, het opgemerk dat die Boervroue so bitter was dat hulle bereid was om enige risiko te loop ten einde hulle mense te help (May 1970:90).

Oproepe is in koerante gepubliseer wat vroue aangemoedig het om tot die gewapende stryd toe te tree. Teen die helfte van Mei 1900 is daar in Pretoria vergaderings gehou waarop besluit is om 'n gewapende vrouekorps op die been te bring. Annie Botha, eggenote van genl. Louis Botha sou die bevel voer. Weens praktiese probleme is die plan laat vaar, maar 'n hele paar vroue het hulle by hulle mans op kommando gevoeg (Moody 1977: 184-5).

Daar is toe wel besluit dat alle amptenare in die stad na die front gestuur behoort te word en dat die vroue hulle pligte sal waarneem. Vroue met mans wat nog tuis was, moes hulle na die front stuur. Een vrou het ook voorgestel dat as 'n vrouekorps dan nie tot stand kon kom nie, die vroue ten minste bewapen moes word om agter die linies stelling in te neem sodat hulle die mans kon skiet wat sou waag om om te draai om te vlug (Oberholster, J.J. 1973: 20).

Na die inname van die stad deur die Britte, het lord Roberts, ten spyte van protes deur Louis Botha, duisende vroue en kinders van veggende burgers uit die stad na die kommando's gestuur. 'n Groot aantal buitelanders, veral Nederlandse regerings- en spoorwegamptenare is ook gedeporteer (Amery 1906:393). Voeg hierby die feit dat baie van die Engelsgesinde bevolking reeds voor die aanvang van die oorlog die stad verlaat het, en Pretoria moes half verlate gewees het in vergelyking met sy vooroorlogse bedrywighede.

Krygsgevangenes

Aan die begin van die oorlog het die Boere die Britse soldate wat hulle krygsgevangene geneem het na spesiale krygsgevangenekampe gestuur. Een daarvan was by die resiesbaan, wat die bynaam "the birdcage" gekry het, en 'n ander by Waterval, sowat 20 km noord van Pretoria. Britse offisiere is in die Staatsmodelskool gehuisves. Onder hulle het 'n jong Winston Churchill, wat later jare Eerste Minister van Brittanje sou word, getel. Hy het daarin geslaag om te ontsnap. Die aankoms van krygsgevangenes was 'n skouspel en die inwoners van Pretoria het in groot getalle op die stasie saamgedrom om dit te aanskou (Moody 1977:225) (figuur 2).



Figuur 2. Aankoms van Britse krygsgevangenes op Pretoria-stasie (Foto Nasionale Kultuurhistoriese Museum:HKF6404)

Maar die gety het gou teen die Boere gedraai. Die oormag Britse soldate was net te veel en ten spyte van klinkende oorwinnings was hulle verplig om terug te val.

Roberts in aantog

Veldmarskalk lord F. S. Roberts (1832 - 1914), opperbevelhebber van die Britse magte in

Suid-Afrika, het vroeg in 1900 'n verwoede opmars na Pretoria gelei. Hy het in snelle opeenvolging Bloemfontein, Kroonstad en Johannesburg ingeneem en op 4 Junie 1900 was hy buite die ZAR-hoofstad. Die ZAR-regering het reeds op 28 Mei uitgewyk en volgens die *Times History of the War in South Africa 1899-1902*, die burgemeester, Piet Potgieter, opdrag gegee om die oorgawe van die stad te hanteer (Amery 1906:154).

Onder leiding van T. W. Beckett, 'n vooraanstaande sakeman, is 'n soort van veiligheidskomitee, bestaande uit dertig van Pretoria se vernaamste inwoners, gevorm. Dié sou dan vir die stadsbestuur verantwoordelik wees. Op 1 Junie het kmdt.-genl. Louis Botha, wat al vegtende stadig voor Roberts teruggeval het, Pretoria binnegekom. Vir hom was die komitee 'n onding en hy het hulle wantrou. Hy het summier die komitee ontbind en 'n driemanskap as hoofkommissie wat orde en rus in Pretoria moes handhaaf, in die lewe geroep (Sandberg 1942: 384-5) (figuur 3).



Figuur 3. Britse soldate kom met Markstraat (die huidige Paul Krugerstraat) Pretoria binne, 5 Junie 1900 (Foto Nasionale Kultuurhistoriese Museum:HKF181)

Die kommissie sou bestaan uit die landdros van Pretoria, ene Boshoff, kommandant P. F. Zeederberg, vroeër 'n veldkornet van Pretoria, en jonkheer C. G. S. Sandberg, F. W. Reitz se sekretaris asook Louis Botha self. Boshoff het volgens C. Sandberg homself uit die voete gemaak. Die oorblywende twee kommissielede het hulle hande vol gehad (Sandberg 1943:310,311).

Terugtrekkende burgers het in groot getalle deur Pretoria gestroom. Party, soos die Van Warmelo-broers, het gou vriende en familie kom groet en vir oulaas die gerief van 'n opge-
maakte bed en 'n gekookte ete geniet (figuur 4).



Figuur 4. 'n Boerekommando trek deur Johannesburg. Soortgelyke tonele moes aan die begin van Junie 1900 in Pretoria afgespeel het (Foto Nasionale Kultuurhistoriese Museum:HKF 367/4a)

Deneys Reitz en sy broer was minder gelukkig. Hulle het voor dooie mans deur beland en moes van bure verneem dat hulle vader saam met Pres. Kruger die stad verlaat het, terwyl hulle stiefmoeder en haar kinders die land uit is om uiteindelik in Europa te gaan skuil. Hulle moes toe maar die huis oopbreek. Na 'n goeie nagrus het hulle proviand uit die spens en

skoon klere uit die hangkaste gevat en op hulle perde gelaai (Reitz 1950: 109-110).

Voorrade is sommer terselfdertyd aangevul. Een kommando het glad die staatsmagasyn oopgebreek en begin om hulleself te help. Die Engelsgesinde burgerlikes het 'n "houding", half aстранt-uitdagend, ontwikkel (Sandberg 1943:312).

'n Australiese offisier het hom laat die middag van 4 Junie 1900 by Louis Botha se huis aangemeld met 'n boodskap van Roberts wat die onvoorwaardelike oorgawe van Pretoria eis. Tydens 'n krygsraad is besluit om 'n versoek aan Roberts te stuur vir 'n wapenstilstand ten einde die stad te ontruim, terwyl besonderhede en voorwaardes die volgende dag tydens 'n vergadering tussen Botha en Roberts bespreek sou word.

Sandberg en kommandant (later genl.) Sarel Oosthuizen is toe na Roberts wat die versoek aangaande ontruiming van die hand gewys het, maar ingestem het om Botha die volgende oggend te woord te staan. Hy het hulle gewaarsku dat sy kanonne klaar in posisie was en gereed gestaan het om Pretoria by die geringste teken van teenstand te bombardeer (Sandberg 1943:310ev).

Vroeër die dag is 'n paar liddietbomme reeds op die stad afgevuur, oënskynlik op die forte, maar sonder om hulle teiken te tref.¹ Die bombardement het paniek onder die inwoners gesaai. Inwoners van die suide van die stad het in aller yl na die middestad gevlug.

Mrs van Warmelo hastily packed a few valuables into a hand-bag, and fled into town with her daughter, leaving their dinner standing almost untouched on the table. On their way to town, they found many terrified women and children huddled under bridges for safety.

Só het Johanna Brand die gebeure beskryf. Stukke klip en fragmente van die bomme het op huise se dakke geval en oral rondgelê (Brand:13).

Die oorgawe

Botha het besluit dat daar geen sin in 'n vergadering met Roberts sou wees nie en die Boeremag het teruggetrek na Eerste Fabrieken, die nywerheidsaanleg van Sammy Marks op die plaas Hatherley, oos van Pretoria (Sandberg 1943:320).

Die Britse krygsgevangenes wat in 'n kamp naby die stad aangehou is, is weldra deur hulle landsgenote vrygelaat. Die Boere het sowat 900 gevangenes met hulle saamgeneem. Volgens A. Conan Doyle het die Britte 129 offisiere en 39 soldate in die modelskole en sowat 3 000 gevangenes te Waterval ontset. Hy meld dat die gevangenes oor die algemeen baie goed deur die Boere behandel is, maar dat hulle kosvoorsiening skraal was (Doyle 1900:440).

Intussen het 'n klompie hoogwaardigheidsbeksleërs op Pretoria-stasie byeengekom waar die formele oorgawe van die stad plaasgevind het. Uit die geraadpleegde bronne kon nie vasgestel word wie uiteindelik die formaliteite waargeneem het nie. P. A. Nierstrasz beweer die persone daartoe aangewys deur genl. Botha het dit gedoen, maar volgens Sandberg het landdros Boshof verdwyn en hyself het die intog van die soldate gade geslaan, maar meld niks van die formele oorgawe nie - intendeel hy was die hele oggend op soek na 'n ryding en het uiteindelik die stad verlaat voordat Roberts self aangekom het (Sandberg 1943:318-9).

H. J. Batts verwys na 'n groot groep mense op die stasie toe hy vroeg die oggend soontoe is, maar wy nie daaroor uit nie. Oënskynlik het hy nie lank op die stasie gebly nie vanwaar hy na Kerkplein is om daar vir die hysing van die vlag te wag. Al die openbare geboue is een na die ander stilweg deur Britse soldate ingeneem. Hy meld wel skrams dat die "officials of the town" die oorhandiging waargeneem het (Batts nd:172-3).

Volgens familie-oorlewering was dit op die ou einde majoor Pieter Ernst Erasmus (1872-1927), seun van die befaamde Oos-Transvaalse naturellekommissaris, Abel Erasmus, wat die oorgawe behartig het (Brief P. Eramsus - A. Malan, 1999.06.06.). Hy was 'n offisier in die Staatsartillerie van die ZAR. Laat in Mei 1900 was hy op Meyerton waar hy verskansings opgerig het tydens die pogings om Roberts te stuit. Twee maande na die inname van Pretoria, is hy tydens die opspraakwekkende Cordua-verhoor² in Pretoria gearresteer. Dit beteken dat hy waarskynlik na die inname in Pretoria agtergebly het.

Baie burgers was duidelik verward en gedemoraliseerd na die val van hulle hoofstad. Elkeen moes vir homself besluit wat hy gaan doen en baie is eers huis toe. Een so 'n burger was die bekende digter, Jan F. E. Celliers. Sy ervarings het hy in 'n dagboek aangeteken wat waardevolle inligting oor die lewe tydens die oorlog bevat. Sy vrou en kinders het in 'n huis in Kotzestraat in Sunnyside gewoon. Hy het verlof gevra om huis toe te gaan tot nadere "orders" wat hy nooit gekry het nie.

Hy het te lank getalm, onder andere omdat hy nie 'n perd in die hande kon kry nie, en voor hy sy oë kon uitvee, was die Engelse oral en was hy letterlik onder huisarres. Vir bykans drie maande het hy wegkruipertjie gespeel omdat hy geweier het om die eed van neutraliteit te neem. Einde ten laaste, vermom soos 'n vrou, het hy daarin geslaag om te ontsnap (Oberholster, A.G. 1978: 111 ev.).

Die intog

Die intog van die Britse soldate word deur Johanna Brandt beskryf. Al wat 'n inwoner van Pretoria was wat nie saam met die Boeremagte gevlug het nie, het die skouspel gaan gadeslaan. Die swart bevolking het met groot verwagtinge die sypaadjies oorgeneem.

In perfect order, but weary unto death, the British troops marched in. Thousands and thousands of soldiers in khaki, travel-stained, footsore, and famished, sank to the ground, at a given command, in the open square facing Government Buildings. Some of them tried to eat of the rations they had with them, others, too exhausted to eat, fell into a deep sleep almost at once, and one old warrior ... said, in a broken voice, "Thank God, the war is over" (Brand: 33).

Ongeveer halfdrie die middag is lady Roberts se vlag onder luide toejuiging, tydens 'n indrukwekkende parade op Kerkplein, op die Raadsaal gehys. Mnr C. P. Hattingh, hoofop-sigter van die Raadsaal, het vroeg die oggend die Vierkleur van die Raadsaal verwyder en laat versteek. Na die oorlog het dit uiteindelik in besit van die "Pretoria Museum"³ gekom.

Martjie Louw oftewel krygswet

Op 8 Junie 1900 is krygswet afgekondig. Dit het behels dat alle burgerlikes teen 9 nm in hulle huise moes wees. Dit is later vervroeg na 7 nm. Permitte was nodig vir fietse, perde en koetse en om êrens heen te reis. Gevolglik was daar soms lang toue by die kantoor van die militêre goewerneur se kantoor en mense is dikwels van bakboord na stuurboord gestuur. Johanna Brand het bykans vier uur gewag vir 'n permit vir haar fiets en net soveel dae vir een om haar sakpistool te hou.

Permits everywhere and for everything!

Men were stopped in the streets to show their residential passes, private carriages were held up and the occupants requested to produce their permits for vehicle and horses, and cyclists had to dismount a dozen times a day at the sign of some khaki-clothed figure patrolling the streets (Brand:49ev).

Aanvanklik was die keuring vir sulke permitte baie streng, maar later is dit effens verslap.

In Pretoria self was baie besighede toe terwyl die ondernemings wat aangegaan het, maar min voorraad gehad het. Sekere items soos rys en meel het al skaarser geraak en pryse het hemelhoog gestyg. Tuine is verwaarloos en baie huise wat leeg gestaan het, is geplunder (May 1970:85).

Op 1 September gaan lord Roberts oor tot die formele anneksasie van die ZAR waarvan die naam na Transvaal verander word. Dit word per proklamasie aangekondig en 'n militêre parade vind op Kerkplein plaas (Proklamasie, Museum Africa:MA968.0429) (figuur 5).

Aan Britse kant was almal seker dat die val van die Boerehoofstad die einde van die oorlog beteken het en dat dit net 'n kwessie van tyd was voor die Boeremagte die wapen sou neerlê.

The Transvaal was declared British territory on 1 September and it is the general impres-



Figuur 5. Die verbymars van Britse troepe tydens die anneksieparade op 1 September 1900 op Kerkplein, Pretoria (Foto Nasionale Kultuurhistoriese Museum:HKF5626)

sion now that peace cannot be far away. From what I can gather from Boer sources it may happen any day (May 1970:109).

Hierdie opmerking is op 5 September 1900 deur dr. Kay in sy dagboek aangeteken. Groot was die verbasing toe die stryd aanhou en dit vir bykans nog twee jaar.

Vrede

Op 31 Mei 1902 na indringende samesprekings te Vereeniging, het die Boere besluit om die stryd gewonne te gee. Reëlins is dadelik getref vir die vervoer per spoor van die lede van die Boereregerings na Pretoria. By hulle aankoms skuins voor elf daardie aand is hulle onmiddellik na Melrosehuis, die spogwoning van George Heys in Jacob Maréstraat, geneem.

Dit was waar lord Kitchener, wat intussen vir lord Roberts as opperbevelvoerder van die Britse magte in Suid-Afrika opgevolg het, sy intrek geneem het en wat as hoofkwartier van

die Britse leër in Suid-Afrika gedien het. Hulle het in die eetkamer bymekaargekom en saam met lord Kitchener en lord Milner om die tafel gaan sit. Om vyf minute oor elf het genl. Schalk Burger, waarnemende president van die ZAR, die ondertekening van die vier eksemplare begin. 'n Paar minute later was dit verby en na 'n oomblik van doodse stilte het die Boere, waaronder genls. Botha, De Wet, Meyer en Hertzog, opgestaan.

Voor hulle die vertrek verlaat het, het lord Kitchener een na die ander sy hand gebied met die woorde: "We are good friends now!" (Kestell en Van Velden 1982: 173-5).

Notas

1. Reeds in 1896 is besluit om 'n aantal forte rondom Pretoria op te rig wat vir die verdediging van die stad in geval van vyandelikhede gebruik sou kon word. Teen die uitbreek van die oorlog was daar vier operasioneel. Teen die inname van Pretoria was die forte egter skadeloos, omrede hulle kanonne verwyder was vir gebruik elders, maar die Engelse was aanvanklik onbewus hiervan. (Ploeger 1968:11, 21, 67, 83)
2. Lt. Hans Cordua was 'n junior offisier in die ZAR se staatsartillerie. In Augustus 1900 is hy daarvan beskuldig dat hy saamgesweer het om lord Roberts en ander offisiere te ontvoer. Veldkornet Melt Marais, majoor P.E. Erasmus en andere is geïmpliseer en gearresteer en na hulle getuienisaflegging is die meeste as krygsgevangenes weggestuur. Cordua is skuldig bevind, ter dood veroordeel en tereggestel. (Batts nd:203-4.)
3. In 1892 het die ZAR 'n museum in Pretoria begin wat as "Het Staatsmuseum" bekend gestaan het. Met verloop van tyd het dit ontwikkel in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en die Transvaal Museum. Onlangs het dié twee inrigtings en die Suid-Afrikaanse Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis in Johannesburg gemaalgameer om die Noordelike Vlagskip Instelling te vorm.

Bronne

Amery, L.S. (ed.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902*. Sampson Low, Marston and Co. Ltd., London, 1906.

Batts, H. J., *Pretoria from within during the war 1899-1900*. John F. Shaw and co., London, nd.

Brandt, J., *The petticoat commando*. Mills & Boon, Ltd, London, 1913.

Doyle, A. C., *The great Boer War*. George Bell & sons, London, 1900.

